Dagstuk

In hierdie tyd het ons lense nodig waardeur ons al die uitdagings van die tyd kan hanteer. Vandag se teks is ‘n lens waardeur ons na die hede kan kyk en ‘n gehoorstuk waarmee ons na God kan luister.

Lees Jesaja 43: 14-22

God herinner die volk aan die groot dinge wat Hy gedoen het – hy het ‘n pad gemaak deur die see en hulle uit Egipte gebring. Dit gee hoop om soms te onthou wat God gedoen het ook in ons lewens. En dan in vers 18 draai die fokus na die toekoms deur die herinnering om nie net die verlede te onthou nie.

Met die verlede in gedagte bevestig God dat Hy iets nuuts gaan doen en beskryf Hy water in die dorre woestyn, riviere wat ontspring en lewe. Ons glo as ons in hierdie tyd kyk na die geskiedenis dat God dit wat Hy deur die eeue gedoen het weer sal doen.

Israel in ballingskap – en kyk God doen iets nuuts. In die nuwe testament doen God deur Jesus iets nuuts. Hier is n wêreld pandemie, maar iets nuuts is moontlik. Ons beleef korrupsie maar God kan iets nuuts doen. Suid Afrika het ‘n ekonomiese krisis, net dalk iets nuuts moontlik? Daar is soveel geweld teen vroue en kinders, maar ons God kan iets nuuts doen.

‘n Franse filosoof se tong in die kies – dinge wat nie verander nie bly heeltyd dieselfde. Terwyl alles in die wêreld elke dag verander bly ons God dieselfde!

Vrae:

Waar is jy dalk op die oomblik moedeloos waar jy nie kan dink hoe God iets nuuts kan doen nie?

Lees Jesaja 43:18&19 hierdie week elke dag vir jouself as ‘n geloofsbelydenis.

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...